# JOSEF

Skriftuurlike informasie is outentiek as dit geanker kan word in die eerste vyf boeke van die Woord, naamlik die Torah.

Die geskiedenis met Josef onder die vergrootglas, is ryk aan die skatte van waarheid t.o.v. die Verbond met betrekking tot ons Verlosser JaHUsha Messias en ook die rol wat beide Judaïsme en die Songodsdiens gespeel het.


Josef is "JaHUsef" in Hebreeus en beteken: "JaHUaH voeg by". Hy is 'n tipe van JaHUsha wat die een enkele Saad van Abraham is (Gal. 3:16) waardeur die Israel van Elohiem (Gal. 6:16) sou voortkom, want nie almal is Israel wat uit Israel is nie (Rom. 9:6). Deur JaHUsha voeg JaHUaH by.

Ons gaan bietjie kyk na die tipologie in 'n gedeelte van JaHUsef se verhaal soos dit na vore kom in Gen 37. Dit is belangrik omdat dit vir ons koers aandui hier aan die einde van die eeue.

**Die rok met die lang moue**

Ons lees in Gen. 37 dat Jakob vir Josef 'n rok met lang moue gemaak het. Dit het aangedui dat Jakob vir Josef as sy eersgeborene gesien het. Hy was wel die eersgeborene by die geliefde vrou, Ragel. Later sou ons sien dat Ruben wat die natuurlike eersgeborene was by Lea, inderdaad sy eersgeboortereg verloor het toe hy sy vader se bed beklim het.

Daar was 'n spesifieke kleed wat eersgeborenes gedra het, Strong's H6446. Met daardie kleed is hulle sigbaar afgesonder as 'n eersgeborene wat die Koning-Priester of dan Melgisèdek (MelekTzadek) van die familie sou word. Dit was 'n eenvoudige lang, wit linnekleed met lang moue. Dit was 'n kleed van eer en het 'n hoë posisie aangedui., dit was dus 'n Priesterlike kleed soos dit wat JaHUsha sou dra.



Die 1953 Afrikaanse Bybel sê dis 'n rok met lang moue (Gen. 37:23), hoewel die een vers sê 'n "lang rok met moue" (Gen. 37:3), maar dit is bedoel om te wees soos in Gen. 37:23, " 'n rok met lang moue" (sien die Ancient Hebrew Lexicon 1383 vir verdere bevestiging van H6446).

Barbara M. Bowen skrywe in 1940 in haar boek "Strange Scriptures" oor die kleed van Josef.

*"This "coat of many colours", so called, was a plain long white shirt, the kamise, or undergarment of the desert ranger. In nearly all of those garments the sleeves were of moderate size, but the Bedouin told us that only two people in each whole tribe are allowed the privilege of the extremely long pointed sleeve – the Sheikh of the tribe and the man whom he had chosen as his heir.*

*So the wrath of the elder brothers was not an outburst of childish anger. It represented a very deep-seated hurt of mature men whose claim to succession to the leadership of their tribe had been set aside for their younger brother.*

*However, we must see Jacob's viewpoint and feeling about it, too. Jacob had been fearfully deceived by his father-in-law when, after serving seven years for Rachel, the woman he loved, he was given Leah for his wife instead. Then he served seven years more for Rachel. Had Jacob married Rachel as he desired, her son would have been Jacob's heir.*

*As it was, Leah's sons were born first, but Jacob very much desired that his wife Rachel's son, Joseph, should be heir as he should have been. Therefore, Jacob makes, or has made, the garment with the long sleeves to be worn* ***by his heir*** *and gives it to* ***Joseph****."*

Ruben wat wel by Lea die oudste seun was, het later aan in Gen. 49:3 Jakob se bed beklim en dit het hom toe sy eersgeboortereg gekos. Hy het nie gedoen wat reg was nie (geregtigheid) en was dus nie Tzadik (regverdig) nie en kon nie meer die MelekTzadek wees wat met die posisie van die eersgeborene saamgegaan het nie. Die posisie van Eersgeborene het toe oorgegaan op JaHUsef se twee seuns (1 Kron. 5:1 – 2).

Sien asseblief die volgende skakel vir meer inligting oor die posisie van die Eersgeborene:

- https://melchizedekorder.home.blog/2018/12/24/die-eersgeborene/

MelekTzadek beteken "Koning van Geregtigheid". Dit was die amp van die oudste manlike eersgeborene van die familie.

'n Interessant aanhaling uit "Let Us Reason Ministries" se "The Priesthood of Melchizedek" lui as volg:

"The priest was the Father, or Grandfather being the oldest in the family line. As the family grew to be a tribe, the head came to be **the king as well as the priest**, so he was the priest/king of their tribe."

Dit maak dus sin dat JaHUsef hierdie drome gehad het waar die familie voor hom moet buig asof hy 'n koning is, maar niemand het dit verstaan nie. Dit het toe wel so gebeur dat hulle voor hom moes buig (Gen. 42:6) toe hy later deur die Farao in 'n hoë posisie aangestel was in Egipte. Let op dat ook broer Juda, net soos die ander broers, voor JaHUsef gebuig het.

> Gen. 37:5 Ook het JaHusef ‘n droom gehad wat hy aan sy broers vertel het. Daaroor het hulle hom nog meer gehaat.
> Gen. 37:6 Hy het naamlik vir hulle gesê: Hoor tog hierdie droom wat ek gehad het.
> Gen. 37:7 Kyk, ons was besig om gerwe te bind op die land toe meteens my gerf gaan staan en ook regop bly staan, terwyl julle gerwe daar rondom kom en hulle voor my gerf neerbuig.
> Gen. 37:8 Toe sê sy broers aan hom: Wil jy miskien oor ons regeer? Of wil jy miskien oor ons heers? En hulle het hom nog meer gehaat oor sy drome en oor sy woorde.
> Gen. 37:9 Daarna het hy nog ‘n ander droom gehad en dit aan sy broers vertel en gesê: Kyk, ek het nog ‘n droom gehad—die son en die maan en elf sterre het hulle voor my neergebuig.
> Gen. 37:10 Toe hy dit aan sy vader en sy broers vertel, het sy vader hom hard bestraf en aan hom gesê: Wat is dit vir ‘n droom wat jy gehad het? Moet ons werklik kom, ek en jou moeder en jou broers, om ons voor jou na die aarde neer te buig?
> Gen. 37:11 En sy broers was afgunstig op hom, maar sy vader het die saak in gedagte gehou.

JaHUsef as MelekTzadek is dan ‘n tipe van JaHUsha as diè MelekTzadek wat ook ‘n besondere kleed gehad het waaroor die lot gewerp is sodat dit nie geskeur moes word nie, omdat dit hierdie Hoëpriesterlike MelekTzadekkleed was wat Hy as Eersgeborene van die Vader gedra het (Joh. 19:23 – 24). Dis waarom Kajafas as hoëpriester sy kleed geskeur het, want JaHUsha het in sy plek die ewige Hoëpriester geword (Heb. 4:14 – 16, Heb. 7:28, Heb. 10:21).

Toe Ruben benoud was omdat hy verantwoordelik gehou sou word vir JaHUsef wat nou weg is, het die broers weer ‘n plan gehad .... hulle het die MelekTzadekkleed van JaHUsef (dit is skynbaar ook nie geskeur nie) in bloed gedoop.

> Gen 37:29 Toe Ruben by die put terugkom, was Josef nie in die put nie! Daarop skeur hy sy klere,
> Gen 37:30 en hy gaan na sy broers terug en sê: Die seun is nie daar nie! En ek, waar moet ek heen?
> Gen 37:31 Toe neem hulle Josef se rok, en hulle slag ‘n bok en **steek die rok in die bloed**,
> Gen 37:32 en hulle stuur die lang rok weg en laat dit na hulle vader bring met die woorde: Dit het ons gevind. Kyk tog goed of dit die rok van u seun is of nie.

In Openbaring 19 kom JaHUsha uit ‘n geopende hemel, bekleed met ‘n kleed wat in bloed gedoop is!

> Open. 19:13 En Hy was bekleed met **‘n kleed wat in bloed gedoop was**, en sy Naam is: Die Woord van God.

Net soos voor JaHUsef, moet elke knie voor JaHUsha buig en ook moet elke tong bely dat JaHUsha Messias is (Rom. 14:11, Fil. 2:10 soos geprofeteer in Jes. 34:23) en so het Juda en Efraim verenig (Jes. 11:10 – 13) ... in JaHUsha Messias.

**JaHUsef na Dotan**

Jakob (sy vader) het vir JaHUsef gestuur om te gaan verneem hoe dit met sy broers gaan wat by Sigem die kleinvee opgepas het (Gen. 37:13). Hy word deur 'n man langs die pad gehelp om hulle te vind waar hulle by Dotan was (vers 15 -17).

Dotan is ook die plek waar Elisa was toe die koning van Aram hom wou laat vang het, 2 Kon. 6:13. Elisa is "Elisha" in Hebreeus en beteken: "My Elohiem is verlossing".

Dat JaHUsef vorentoe verlossing sou meebring vir die wêreld van daardie tyd, sy familie ingesluit, was vooruit bepaal deur dit wat hier by Dotan sou plaasvind.

**Die Plan**

Ons lees hoe die broers in Gen. 37 vanaf vers 18 vir JaHUsef sien aankom het en hulle haat vir hom was so groot dat hulle hom wou doodmaak maar Ruben het ingegryp.

> Gen. 37:18 En hulle het hom van ver af gesien. Maar voordat hy naby hulle kom, het hulle listig raad gehou teen hom om hom dood te maak.
> Gen. 37:19 En hulle het vir mekaar gesê: Daar kom daardie dromer aan!
> Gen. 37:20 Kom dan nou, laat ons hom doodmaak en in een van die putte gooi en sê: 'n Wilde dier het hom opgeëet. Dan sal ons sien wat van sy drome word.
> Gen. 37:21 Toe Ruben dit hoor, het hy hom uit hulle hand gered deur te sê: Laat ons hom nie doodslaan nie.
> Gen. 37:22 Ruben het ook vir hulle gesê: Moenie bloed vergiet nie; gooi hom in hierdie put wat in die woestyn is, maar moenie die hand aan hom slaan nie—sodat hy hom uit hulle hand kon red om hom na sy vader terug te bring.

Al die broers in die veld is betrokke by hierdie bose komplot om van JaHUsef ontslae te raak. Ruben as die natuurlike eersgeborene is hier nog in beheer van sake en die broers het na hom geluister tot en met vers 22.

**Die Plan brei uit**

Ruben wou vir JaHUsef later kom red het, maar Juda was toe die een wat verder aan die planne beraam het toe hy 'n geleentheid gesien het terwyl Ruben skynbaar nie toe teenwoordig was nie, want hulle het meteens 'n reisgeselskap Ismaeliete gesien wat op pad was na Egipte.

> Gen. 37:23 En toe JaHUsef by sy broers kom, trek hulle JaHUsef se rok uit, die rok met lang moue wat hy aangehad het,
>
> Gen. 37:24 en hulle neem hom en gooi hom in die put. Maar die put was leeg; daar was geen water in nie.
>
> Gen. 37:25 Daarna het hulle gaan sit om brood te eet; en toe hulle hul oë opslaan, sien

hulle meteens ‘n reisgeselskap Ismaeliete wat uit Gílead kom—hulle kamele gelaai met speserye en balsem en gom op pad om dit na Egipte af te bring.

Gen. 37:26 **Toe sê Juda aan sy broers**: Watter voordeel is dit dat ons ons broer doodmaak en sy bloed verberg?

Gen. 37:27 Kom, laat ons hom aan die Ismaeliete verkoop, maar laat ons hand nie teen hom wees nie, want hy is ons broer, ons vlees. **En sy broers het na hom geluister**.

Gen. 37:28 En toe die Midianitiese koopmans verbykom, het hulle JaHUsef uit die put uit opgetrek en uitgehaal en JaHUsef aan die Ismaeliete verkoop vir twintig sikkels silwer. En húlle het JaHUsef na Egipte gebring.

Ons lees dus van ses rolspelers in Gen. 37, naamlik: die Broers, Ruben, Juda, Ismaeliete, Midianiete en JaHUsef.

Juda het nou die plan op die tafel gesit om JaHUsef te verkoop (vers 26) en die Broers het saamgestem in vers 27, hulle het ge”sh’ma” (H8085 = fyn geluister om so te doen). Juda is ‘n tipe van Judaïsme (die geloof van die Jode 2 000 jaar gelede en nog steeds).

In JaHUaH se wysheid is die Plan van Juda ‘n tipe van die Plan van die Jode/Judaïsme wat sou uitspeel in die tyd van Messias JaHUsha.

Volgens die plan van Broer Juda word JaHUsef verkoop vir silwer, soos wat Judas (Grieks vir Juda) JaHUsha ook uitverkoop het aan die owerpriesters vir dertig silwerstukke. Juda(s) was van Judea. Iskariot is “ish Kerioth” in Hebreeus, wat beteken: ‘n man uit Kerioth. “Ish” is “man” en Kerioth is ‘n plek in Judea.

Dis dus duidelik dat Juda, die broer wie se plan dit was om JaHUsef te verkoop en Juda(s) wat vir JaHUsha verraai en basies verkoop het, beide simbolies is van die Judaïsme van daardie tyd toe JaHUsha gekom het, maar dis ook simbolies vir die hede.

Die wiel van tyd het gedraai sodat ons weer **geestelik** op dieselfde plek is as waar hulle 2 000 jaar gelede **fisies** was.

In 2 Pet. 3:8 lees ons: “dat **een dag** by JaHUaH soos **duisend jaar** is en duisend jaar soos een dag.” Hosea het gesê dat JaHUaH ons op die derde dag sal lewend maak (Hos. 6:2). Vandat JaHUsha gekom het, is dit nou om en by twee duisend jaar. Terwyl ons so op die drumpel van die derde dag is, kan ons lewendmaking verwag ten opsigte van die waarheid, maar net soos daardie tyd is daar die teenstand en misleiding van Judaïsme met hulle Babiloniese Talmud. Ons moet onthou dat dit wat fisiese Israel beleef het, vandag vir ons geestelike voorbeelde is.

> 1 Kor. 10:11 Maar al hierdie dinge het **hulle** *(fisiese Israel)* oorgekom as **voorbeelde** en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan **ons** op wie die **eindes van die eeue** gekom het.

JaHUsef se vader het hom na sy broers gestuur net soos die Hemelse Vader JaHUsha na Sy “broers” gestuur het. Maar net soos wat JaHUsef se eie broers hom gehaat het en wou dood hê, net so was dit met JaHUsha. Sy eie volk, sy eie mense het Hom nie aangeneem toe Hy gekom het nie (Joh. 1:11) en het hom “verkoop” en uitgelewer om gedood te word (Matt. 27:17 – 31). Hulle was veronderstel om Hom volgens die profesieë te kon herken, maar hulle het lankal nie meer die geloof beoefen wat deur Moses ingestel was daar by Sinai nie. Hulle het verval in ‘n godsdiens waar die mistiese van Babilon (vanaf die Toring van Babel) hoogty gevier het. So is dit vandag nog steeds.

Terug by Juda. Sy plan was om JaHUsef te verkoop en sy broers het ingestem (vers 26 en 27). Sy plan het wel uitgespeel, maar deur wie? Daar is ander rolspelers ook op die verhoog.

> Gen. 37:28 En toe die Midianitiese koopmans verbykom, het hulle Josef uit die put uit opgetrek en uitgehaal en Josef aan die Ismaeliete verkoop vir twintig sikkels silwer. En húlle het Josef na Egipte gebring.

Daar is verwarring oor wie JaHUsef uit die put uit opgetrek het, maar die letterlike vertaling uit die oorspronklike Hebreeus is:

> “Then there passed by Midianites merchantmen and they drew and lifted YaHUseph from the cistern and they are selling YaHUseph to the Ismaelites for twenty silver and they are bringing YaHUseph Egypt ward.”

Die broers was besig om te eet toe die Midianiete JaHUsef uit die put uit opgetrek het en hom aan die Ismaeliete verkoop het wat hom weer na Egipte geneem het en in vers 29 kom Ruben terug by die put, maar is geskok om dit leeg te vind en het hy teruggegaan om dit aan die broers te rapporteer.

**Tipologie**

Ons sien dan hoedat JaHUsef ‘n tipe van JaHUsha as MelekTzadek was, en hoe JaHUsha net soos JaHUsef “gesteel” was deur die Heidene en weggeneem is na Egipte (die Wêreld). Daar is JaHUsef se naam verander, net soos wat JaHUsha se naam verander was na “Jesus”. Ook was JaHUsef getroud met die dogter van die priester van On en was hy die klere aangetrek van die Egiptiese Songodsdiens, net soos wat JaHUsha “getroud” is met die Christelike Godsdiens waar Hy ook uiterlik “gekleed” is met die Songodsdiens van Egipte se feeste en gebruike.

JaHUsef het in hierdie rol die wêreld van daardie tyd fisies “gered” net soos wat JaHUsha geestelik die Redder van die wêreld is (Joh. 3:16) al is Hy soos JaHUsef, gekleed in die klere van die Songodsdiens van Egipte. JaHUsha het geestelik die “Melo HaGoyim” (die volheid van die Nasies) geword (Rom. 11:25 en Gen. 48:19).

Die Midianitiese koopmans is simbolies van almal wat betrokke was om JaHUsha te verraai en te verkoop vir silwer aan die Hasmoniese of Edomitiese nagemaakte Priesterlike Owerheid, deur Juda(s) Iskariot waarvan die transaksie met silwer ‘n bewys is en hulle het op hulle beurt JaHUsha aan die Romeine uitverkoop wat Hom “gevat” het, Hom gefolter het en so het hulle hulle rol in die geskiedenis vervul om te verseker dat JaHUaH se Plan van Verlossing om Sy Skepping terug te kry, uitgevoer word.

Die Broers is simbolies van die volk van JaHUaH wat verteenwoordig was deur die Jode wat teruggekeer het vanaf Babilon, deur wie Hy verwerp is. Hy was verwerp deur sy “eie”, of hulle nou in Jerusalem, Judea, Qumran, Galilea of waar ook al was want hulle het niks gedoen of gesê nie en sodoende saamgewerk met die Plan.

> Joh. 1:11 Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie.

Maar .... die Broers het nie vir JaHUsef **direk** verkoop nie. Die Heidense Rolspelers van die vervalsing het dit gedoen. Die Ismaeliete verteenwoordig een van die twee strome van geloof wat uitgegaan het in die Wêreld.

Daar is die ware geloof (1) en die vervalsing van die ware geloof (2).

Die Ismaeliete is ‘n tipe van die diegene wat ‘n rol gespeel het in die vervalsing van die ware geloof. Hulle het JaHUsef/JaHUsha na die “Wêreld” geneem en die Wêreld het hulle verander in “Egiptiese” Songodvervalsings deur die Wêreldse Godsdienssisteem tot op so ‘n punt dat hulle Broers hulle nie herken het nie.

JaHUsef se broers het hom nie herken nie, net soos wat JaHUsha se “broers” Hom nie herken het nie.

Maar die stroom van Ware Geloof het ook deur die eeue geloop. Dit het voortdurend afgeskei van die Vervalsing en voortdurend hervorm tot op hierdie stadium waar ons ook steeds poog om te hervorm tot die egte wanneer ons oë geopen word om die identiteit van die Verlosser van die Wêreld te eien net soos wat dit gebeur het toe JaHUsef homself later aan sy broers geopenbaar het (Gen. 45:1 – 5).

> Gen. 45:4  Verder sê JaHUsef vir sy broers: Kom tog nader na my. En toe hulle nader kom, sê hy: Ek is julle broer JaHUsef vir wie julle na Egipte verkoop het.

Elkeen wat **uit die Vervalsing kan uitkom**, is deel van hierdie Suiwer Geloof.

> Open. 18:4  En ek het ‘n ander stem uit die hemel hoor sê: **Gaan uit haar uit, my volk**, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.

**Put**

Die Put laat mense se gedagte ook gaan na "die graf".  Mense is in die antieke tye dikwels in putte begrawe (2 Sam. 18:17, Jer. 41:9).

Josef is as ‘n gevangene aangehou in die put sonder water.  As ‘n tipe van Messias JaHUsha is hy opgetrek uit die put sonder water net soos wat JaHUsha weer opgestaan het uit die dood.

> Sag. 9:11  Ook sal Ek, wat jou betref, o Sion, kragtens die bloed van jou verbond jou **gevangenes loslaat uit die put sonder water**.
>
> Ef. 4:8  Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee.
> Ef. 4:9  Maar dít: Hy het opgevaar—wat beteken dit anders as dat Hy **ook eers neergedaal het in die onderste dele van die aarde**?
> Ef. 4:10  Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring.
>
> Heb 13:20  Mag die Eloheim van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Meester JaHUsha Messias, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het ...

So is Daniël ook vir dood in ‘n leeukuil gegooi, maar is hy bewaar en het hy weer lewendig daaruit gekom.

Josef was dus ook ‘n tipe van JaHUsha wat betref Sy dood en opstanding uit die dood.

**Slot**

Hierdie ontleding is nuttig sodat ons kan onderskei wie was wie 2 000 jaar gelede ooreenkomstig die stukkie geskiedenis in Gen. 37.  Wie het dus watter rol vervul en hoe is dit in die hede nog steeds toepaslik.

Mense is soos skape en volg graag ander skape met bekende name, naamlik skrywers of leraars wat hulle ken.  So kan mense leerbaar wees vir die waarheid of nie leerbaar wees nie, afhangende

van wie hulle hulle leermeester gemaak het, of sal ons liewer sê, afhangende van wie hulle betower het (Gal. 3:1).

Maar midde al die misleiding **staan die Waarheid op sy eie**, onafhanklik van leermeesters, want die Gees leer ons self (1 Joh. 2:26 – 27) met die Woord as die Bron en die Torah as die fondasie van elke waarheid soos wat dit ontvou in ons Nuwe Testament, die Torah van Messias. Messias JaHUsha is die Lewende Torah. Skrif verklaar dus Skrif en geskiedenis bevestig dit.

Saam met die Psalmis kan ons net bid ....

> Ps. 43:3 Stuur u lig en u waarheid; laat dié my lei; laat dié my bring na u afgesonderde berg en na u woninge.

-0-0-0-0-0-0-0-

AndriYaH
Augustus 2017